

Hoofstuk van die dag: Jeremia 23

> *Daar kom ’n tyd, sê die Here, dat Ek vir Dawid ’n regverdige spruit sal laat opskiet, ’n koning wat verstandig sal regeer. Hy sal die reg eerbiedig en regverdig regeer in sy land. (Jer 23:5)*

Jeremia het pas die einde van die Dawidiese koningsdinastie aangekondig (22:30). Die Dawidskonings het volledig misluk in hulle roeping om die volk te lei en op te pas (23:2).
In hierdie donkerste van dae vir die Godsvolk is alles nie verlore nie. Jeremia kondig ’n nuwe era aan, waar God weer ’n spruit uit die Dawidshuis sal laat opskiet; iemand wat alles sal wees wat die laaste konings vir Juda nié was nie – verstandig, iemand wat die reg eerbiedig en regverdig is. Hý sal God se kudde versamel en oppas, sodat hulle nie langer verstrooi raak nie (vers 4). Sy naam sal wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID (vers 6, OAV).
Ons weet wie dié herder is wat Jeremia verwag het: Jesus Christus (Joh 10:14). Hy het sy kudde uit alle oorde versamel – vir jou ook. Nie een van sy skape het verlore geraak nie, soos Hy in Joh 17:12 self gesê het. Niemand kan jou uit sy hande ruk nie (Joh 10:28; vgl Rom 8:31-39).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026